

MUSSIES VIR KOUE OORTJIES

Die patrone vir hierdie drie mussies kom uit ver lande waar moeders van dié koue streke sorg dat hul kleingoed se oortjies knus bedek is. Die groen mus is Tirools, die bloue 'n Noordpoolmus en daar is ook 'n mus met 'n Fair Isle-patroon uit Noorweë

NOORWEEGSE MUS

(Skets op bl. 46)

BENODIGDHEDE

Pingouin Sport Crylor: 100 g in donkerblou (DB), 30 g elk in wit (W), ligblou (LB), helderblou (HB); breipenne 5 mm.

SPANNING

18 ste en 22 rye vir 10 cm.

AFKORTINGS

r — regs; aw — aweregs; kst — koussteek; vlg — volgende; st(e) — steek (steke); gv — gaan voort; rib — ribsteek; vermin — verminder; tes — tesame; herh — herhaal; pat — patroon.

HOE OM TE MAAK

Stel 48 ste op met DB en werk 4 cm in r 1-aw 1-rib.

Gv in kst vir nog 3 cm.

Volg nou diagram vir Fair Isle-pat. Na voltooiing van Fair Isle, slaan oor na DB en werk vir 2,5 cm.

Verminder-ry: r 3, (r 2 tes, r 6) 5 keer, r 2 tes, r 3. (6 ste vermin).

Vlg Ry: aw.

Herh laaste 2 rye nog 5 keer. Die vermin word regoor die vorige vermin gewerk.

Werk 1 ry r 1-aw 1-rib. Heg draad af. Ryg punt van draad deur oorbly ste, trek styf en heg vas. Werk naat toe. Moenie pars nie.

NOORDPOOLMUS

BENODIGDHEDE

Pingouin Sport Crylor: 100 g in blou, 'n paar gram in pienk en wit; breipenne 4,50 mm en 5 mm.

SPANNING

18 ste en 22 rye vir 10 cm, gemeet oor kst.

AFKORTINGS

r — regs; aw — aweregs; st(e) — steek (steke); tes — tesame; gv — gaan voort.



HOE OM TE MAAK (gebruik draad deurgaans dubbel)

Met blou en penne 4,50 mm stel 46 ste op en werk 4 cm in r 1-aw 1-rib.

Slaan oor na breipenne 5 mm en gaan voort tot werk 8 cm lank is.

Vlg Ry: Gv met rib, werk 1 st op pen en een vanaf basis tes tot einde van ry.

Werk strepe soos volg: 2 rye pienk, 4 blou, 2 wit, 2 pienk, 2 wit, 4 blou, 2 pienk.

Gv met blou alleenlik, werk 2 tes tot einde van ry.

Werk 3 rye reguit. Heg af. Ryg draad deur oorblywende ste, trek styf en heg vas. Werk naat toe.

Maak nou twee groot pompons, een in wit en een in pienk.

Maak 2 bande uit kettingsteek, heg 'n pompon aan elke punt en werk dan die ander punt aan kroon vas (sien foto).

TIROOLSE MUS

BENODIGDHEDE

Pingouin Sport Crylor: 100 g in donkergroen (DG); 'n paar gram elk in liggroen en wit; breipenne 4,50 mm.

SPANNING

18 ste en 24 rye vir 10 cm.

AFKORTINGS

kbst — kousbandsteek; kst — koussteek; vlg — volgende; pat — patroon; gv — gaan voort; st(e) — steek(steke); vermin — verminder;

HOE OM TE MAAK

Met DG stel 48 ste op en werk 3 rye in kbst.

Volg nou diagram vir Fair Isle-pat in kst. Na voltooiing van Fair Isle, gv met DG en kst.

Vermin-ry: r 3, (r 2 tes, r 6) 5 keer, r 2 tes, r 3. (6 ste vermin).

Vlg Ry: aw.

Herh laaste 2 rye nog 5 keer. Die vermin word regoor die vorige vermin gewerk.

Werk 2 rye reguit. Heg af. Ryg draad deur oorbly ste, trek styf en heg vas. Werk naat toe.

OORKLAPPE

Met DG stel 10 ste op en werk 7 cm in kbst.

Vermin 1 st aan weersk van elke ry tot al die ste afgewerk is.

Maak nog 'n oorklap op dieselfde wyse.


Maak twee vlegsels uit DG en heg aan oorklappe vas vir bande.

Maak 'n groot pompon van DG en werk bo-op kroon vas.

TRIOOLSE MUS

1 st. vir 1 ry in die volgende kleure:

□ = groen
X = blou
● = wit



NOORWEEGSE MUS

1 st. vir 1 ry in die volgende kleure:

□ = donkerblou
X = helderblou
* = ligblou
/ = wit

